MOET EK VIR DIE AMBULANSDIENS BETAAL?

Ja, die diens van ‘n ambulans is nie gratis nie. Pasiente ontvan ‘n rekening vir die gebruik van die ambulansdienste. ‘n Pasient word volgens sy inkomste aangeslaan.

Kontak Besonderhede

10177 - Telkom
112 - Selfoon
Alternatiewelik - 051 407 6000
(Aanvrag Vrystaat Ambulanse)

Hierdie nommers is vir die aanvrag van ambulanse op enige plek in die Vrystaat.

MEDIESE NOODDIENSTE



health
The Department of Health
FREE STATE PROVINCE

www.fs.gov.za

WAT BETEKEN NMD?

NMD staan vir nood mediese diente, wat deur die Vrystaatse Departement van Gesondheid in noodsituasies gelewer word – wanneer ‘n persoon in lewensgevaar verkeer.

Hierdie diens bestaan uit ambulanse, responsvoertuie en hoogs gespesialiseerde professionele personeel wat bevoeg is om onmiddelik mediese behandeling aan ‘n pasient te gee.

Hierdie pamflet sal u help om vinnig en korrek op te tree in ‘n noodgeval en moet dus altyd byderhand gehou word.

- U MAG ‘n ambulans gebruik as ‘n persoon onmiddelike behandeling onderweg na die dokter of hospital nodig het.

- U MAG NIE die ambulans as vervoermiddel na ‘n kliniek gebruik nie.

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN ‘N “WARE NOODGEVAL” EN ‘N “NIE-NOODGEVAL”?

‘n Ware noodgeval is ‘n situasie waar die pasient onderweg na die dokter of hospital kan sterf indien hy/sy nie onmiddelik deur ‘n gekwalifiseerde mediese persoon behandel word nie, bv. Hartaanval, beroerte, ernstige motorongeluk, ernstige brandwonde, ens.

‘n Nie-noodgeval is ‘n situasie waar ‘n persoon nie in lewensgevaar verkeer nie, m.a.w. indien

hy/sy ernstig siek is nie, bv. Griep, hoofpyn, maagpyn, ens. Mense kan die klenieke in hul gebiede gebruik vir nie-noodgevall en chroniese ongesteldhede.

HOE ONTBIED EK DIE AMBULANSDIENSTE IN ‘N NOODGEVAL

Wanneer ‘n ambulans vir ‘n werklike noodgeval benodig word, kan u die volgende nommers skakel: 10177 (gratis) of 112 vanaf ‘n selfoon.

Die operateur sal u versoek om die volgende belangrike inligting te verstrek: u telefoonnommer en adres, die tipe noodgeval (bv. Motorongeluk, hartaanval, beroerte, ens.), die spesifieke adres van die noodgeval, m.a.w. presies waar die pasient gehaal moet word.

NB: Dis belangrik om seker te maak dat u al die vrae van die operateur duidelik en korrek beantwoord het voordat u die telefoon neersit, want andersins word waardevolle tyd weens onduidelike instruksies vermors.

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN ‘N RESPONSVOERTUIG EN ‘N AMBULANS?

‘n Responsvoertuig word gebruik om in die kortste moonlike tyd by ‘n noodgeval uit te kom en die pasient onmiddelik te begin behandel terwyl vir ‘n ambulans gewag word.

‘n Responsvoertuig het spesiale toerusting vir ernstige noodgevalle en MAG NIE gebruik word om pasiente na ‘n dokter/hospital te vervoer nie. ‘n Ambulans word vir hierdie doel gebruik.